# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA


**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za


Wees sterk en vol moed

# INFO: 1 NOVEMBER 2019

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Met die einde van die kwartaal in sig, die leerlinge wat hard werk, eksamen skryf of eersdaags begin skryf, kan 'n mens sien dat die vakansie naby is - 'n baie nodige vakansie - veral vir die leerlinge. Ons kan duidelik sien dat hulle 'n blaaskans nodig het.

GSDP se lede het in hierdie week die begroting vir 2020 goedgekeur. Dit beteken dat ons kan poog om alles vir 2020 in plek te kry. Ons is reeds besig met die bestelling van handboeke en skryfbehoeftes en het selfs al begin om opgraderings te doen. Die grootste opgewondenheid is ons in die komende vakansie by die laer- en die hoërskool elk vyf slimborde laat installeer.

Die gr 1-klasse ontvang binnekort nuwe tegnologie wat die onderwysers in staat gaan stel om op die bord te skryf en steeds dat die leerlinge in die oë te kyk.

Ons is baie opgewonde oor die nuwe toerusting en ook uiters dankbaar dat ons dit kan bekostig.

U kan in 2020 gerus in die klasse daarna gaan kyk.

**Skool sluit 2019:**
- Hoërskool: Woensdag, 20 November
- Laerskool: Vrydag, 22 November
- Kleuterskool: Vrydag, 22 November

**Rapporte 2019:**
- Hoërskool: Woensdag, 4 Desember
- Laerskool - Gr 4 - gr 7: Woensdag, 4 Desember

- Skoolure tydens laerskooleksamen: Vergewis uself asseblief van die skrywes wat die leerlinge (gr R - gr 7) ontvang het.

Geniet u naweek en baie sterkte aan elkeen met die laaste werk voordat die eksamen begin.

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**
Skoolhoof

# BEPLANNER: 5 NOVEMBER - 4 DESEMBER 2019

| NOVEMBER | | | |
|---|---|---|---|
| Di | 5 Nov | Laerskool | Gr 4 - gr 7: Eksamen begin |
| Vr | 8 Nov | Laerskool | Verkoping: Veldskool 2020 |
| Ma | 11 Nov | Kleuterskool | Gradeplegtigheid |
| Do | 14 Nov | DirkiesKoop | Bestellings oop |
| Vr | 15 Nov | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Gr 1-dag |
| Do | 21 Nov | DirkiesKoop | Bestellings sluit |
| Vr | 22 Nov | GSDP | GSDP sluit |
| Wo | 27 Nov | DirkiesKoop | Produkte haal |
| **DESEMBER** | | | |
| Wo | 4 Des | GSDP | Gr 4 - gr 11: Rapporte haal |

---

# ALGEMEEN

## VERJAARSDAG

Hartlik geluk aan die personeel wat binnekort verjaar. Mag julle geliefdes julle bederf en ons bede is dat die Here julle nog baie geseënde jare sal skenk:
12 November: Mev Elsa Godschalk
14 November: Mev Mari-Susan van Straten
15 November: Mev Wanda Loretan
26 November: Mej Nadine Bakker

## GSDP-BESTUUR

**Finansies:** Die jaarlikse betalingsooreenkomste, dataverifikasievorms, onderneming deur ouers, ensovoorts (bruin koeverte) is aan die leerlinge uitgedeel. Voltooi dit asseblief volledig en stuur teen 8 November terug na die onderskeie skoolkantore.

## STERKTE!

Ons wens mev Susan Mathee (GSDP-Bestuur) sterkte toe met die kankerbehandeling. U positiwiteit is vir ons elkeen 'n pragtige voorbeeld. Ons gebede gaan uit na u, u gesin en die familie.

## BOKS VIR 'n BOERVROU

Hiermee bedank ons elke ouer, familielid, vriende en personeel wat deelgeneem het aan die projek. Dit was vir ons voorwaar verblydend om die baie bokse te kon aflewer vir versending daar waar dit nodig is.

## D6-TOEP

Het u geweet u kan met die toep:
? … met die skool kan kommunikeer?
? … u persoonlike inligting aanpas en dit aan die stelsel oordra?
? … die skool in kennis stel dat u kind(ers) afwesig gaan wees?
? … die doktersbrief aan die skool stuur?
? … u finansies besigtig

Vanaf Januarie 2020 gaan GSDP alle kommunikasie via die D6-toep beskikbaar stel.

Indien u nog nie geregisteer het nie, aanvaar asseblief die uitnodiging wat ons op Maandag, 4 November 2019 aan u gaan stuur.

---

# HOëRSKOOL

## SELFONE

Ons doen weer eens 'n beroep op u, as ouers, om aan u kind(ers) te beklemtoon dat hy / sy GEEN selfoon tydens skoolure mag gebruik nie. By die hoërskool is daar nog steeds leerlinge wat hul selfone tydens klastyd gebruik. Ons keur dit nie goed nie, aangesien ons geen beheer het oor dit waaraan hulle blootgestel is nie. Ons bedank u by voorbaat vir u samewerking.

## AKADEMIE

**Gr 12-eindeksamen:** Die matrikulante is tans besig met hul eindeksamen. Baie sterkte aan julle, asook jul ouers.

**Gr 8- tot gr 11-eksamen:** Alle leerlinge is reeds besig met die laaste eksamen vir 2019. Indien 'n leerling afwesig is, is die leerling verplig om 'n doktersbrief in te handig. Versuim hiervan beteken dat die leerling geen punte vir die vak sal ontvang nie.

**Hulp:** Indien 'n leerling hulp in 'n spesifieke leerare benodig, moet hy / sy asseblief die vrymoedigheid neem om die onderwyser te nader. Daar is nou nog geleentheid om dit te doen, voordat hy / sy die betrokke vak skryf.

**Handboeke - gr 8- tot gr 12-leerlinge:** Die hoërskoolleerlinge handig alle handboeke in op die dag wanneer hy / sy die laaste vraestel van die betrokke vak skryf. Die leerlinge moet asseblief seker maak dat die onderwyser wat die handboek ontvang, dit so aanteken. Leerlinge moet asseblief nie handboeke by die kantoor inhandig nie.

**Hoërskool sluit**: Die hoërskool sluit vir die leerlinge op Woensdag, 20 November.

**Rapporte**: Volgens die departement se skedules, ontvang die hoërskoolleerlinge op Woensdag, 4 Desember tussen 08:00 - 09:00 hul rapporte.

## SPORT

**Atletiek:** Tans vind net die atletiekoefeninge op Dinsdae en Donderdae plaas, soos met die leerlinge gereël.

**Huissport:** GSDP se jaarlikse huissport vind plaas op Saterdag, 18 Januarie 2020. Ons gaan vir hierdie byeenkoms heelwat ouers as beamptes benodig. Indien u behulpsaam kan wees, kontak asseblief die hoërskoolkantoor met die spesifieke plek waar u sou wou help. U ontvang binnekort meer inligting.

---

# LAERSKOOL

## SKRYFBEHOEFTES

**Gr 1 - gr 3: Skryfbehoefte-pakkette:** Ons herinner u daarvaan dat u asseblief die skryfbehoefte-pakkette vir 2020 via DirkiesKoop moet bestel. Moet asseblief nie wag tot Januarie 2020 nie, want dan mag u kind dalk die eerste paar dae sonder skryfbehoeftes wees.

## GR 7-AFSKEID

Die gr 7-afskeid het plaasgevind op Vrydag, 25 Oktober. Die leerlinge (en die personeel) het dit terdeë geniet. Hartlik dank aan die laerskoolouerkomitee.

## AKADEMIE

**Eksamen (gr 4 - gr 7):** Die gr 4- tot gr 7-leerlinge het reeds hul eksamenroosters ontvang. Ons sluit dit hierby in:

| | GR 4 | GR 5 | GR 6 | GR 7 |
|---|---|---|---|---|
| Di. 5 Nov | | | | Tegn. (per.2) |
| Do. 7 Nov | | | | LO (per.2) |
| Vr. 8 Nov | SW | SW | Bybel | EBW |
| Ma. 11 Nov | Afrikaans 2 | Kuns | Wiskunde 2 | Kuns |
| Di. 12 Nov | Bybel | Afrikaans 1 | Wiskunde 1 | NW |
| Wo. 13 Nov | Engels | Bybel | Nat en Tegn | Afrikaans 1 |
| Do. 14 Nov | Nat en Tegn | Engels | Afrikaans 1 | Bybel |
| Vr. 15 Nov | Wiskunde 1 | Kerkgeskiedenis | Engels | Engels |
| Ma. 18 Nov | Wiskunde 2 | Afrikaans 2 | Kuns | Afrikaans 2 |
| Di. 19 Nov | Afrikaans | Wisunde | Kerkgeskiedenis | SW |
| Wo. 20 Nov | Kerkgeskiedenis | Nat en Teg | LO | Wiskunde |
| Do. 21 Nov | LO | LO | SW | Kerkgeskiedenis |
| Vr. 22 Nov | Kuns | Wiskunde 2 | Afrikaans 2 | Wiskunde 2 |

8 Nov: Toetsperiode
11 - 22 Nov: Eksamen (12:00)

**Skooltye tydens die eksamen**: Elke laerskoolleerling het 'n skrywe ontvang oor die skooltye tydens die eksamen. Vergewis uself asseblief van die inligting en stuur die antwoordbrief terug na u kind se registeronderwyser.

<u>LET WEL</u>: Die laerskoolpersoneel sal ongelukkig GEEN leerling vroeër as 12:00 laat huis toe gaan nie!

**Laerskool - sluit**: Die laerskool sluit vir die leerlinge op Vrydag, 22 November om 11:00.

**Rapporte:** Die gr 4 - gr 7-leerlinge ontvang hul rapporte op Woensdag, 4 Desember tussen 08:00 en 09:00.

Indien u nie u kind se rapport kan afhaal nie, stuur asseblief 'n geadresseerde koevert na u kind se registeronderwyser, sodat ons die rapport na die adres kan pos. Indien niemand die rapport afhaal nie, sal u dit eers op die eerste skooldag van 2020 kan ontvang.

## ATLETIEK

Ons wil graag met die atletiekoefening vir 2020 se seisoen begin. Ons poog om die leerlinge positief te maak hiervoor. Vanaf 25 - 29 November, wanneer die akademiese klaswerk en die eksamen verby is, gaan ons as volg in die middae oefen:

| datum | tyd | sportsoort | plek |
|---|---|---|---|
| Maandag (25 November)<br>Dinsdag (26 November)<br>Woensdag (27 November)<br>Donderdag (28 November) | 15:00 - 17:00 | gewigstoot<br>hoogspring<br>turbospies<br>verspring | GSDP - Laerskoolterrein |
| Vrydag (29 November) | 15:00 - 17:00 | naellope | Potgieterpark, Rietfontein |

---

# KLEUTERSKOOL

## GRADEPLEGTIGHEID

Die kleuterskool se gradeplegtigheid vind plaas op Maandag, 11 November in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Die kleuters moet asseblief om 17:30 by die kerk wees. Die verrigtinge begin om 18:00.

Na die gradeplegtigheid gaan ons saam piekniek hou.

## WATERPRET-DAG

Die waterpret-dag vind plaas op Donderdag, 14 November 2019 by die skool. Die kleuters moet asseblief swemklere, 'n handdoek en sonroom saamneem skool toe.

## GR 1-DAG

GSDP se jaarlikse gr 1-dag, vind plaas op Vrydag, 15 November 2019 vanaf 10:00 tot 12:00. Op hierdie dag gaan die kleuters in die gr 1-klasse kuier.

## 2020-ONDERWYSER

Ons verwelkom mej Mariëtte Hordijk wat vanaf Januarie 2020 by die kleuterskool aansluit. Ons vertrou dat u hier u roeping sal kan uitleef.

---